



Laerskool Bloemfontein



EREKODE VAN LEERDERS

Vir Leerders van Laerskool Bloemfontein soos opgestel deur die Beheerliggaam in oorleg met die Leerders, Bestuurspan, Opvoeders en Ouers.

Gedragskode is opgestel volgens voorskrifte in:

1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.
2. Suid-Afrikaanse Skolewet 1996 (Wet Nr. 84 van 1996).
3. Riglyne vir 'n Gedragskode vir Leerders (Kennisgewing 776 van 1998).
4. Gedragskode vir Leerders. Saamgestel in opdrag van SASOO deur SOORB.
5. Basiese uitgangspunte (Etiek) tot Gedragskode:
 - Christelike Etos: Die Bybel sal as enigste maatstaf dien by enige vorm van godsdienstebeoefening deur die skool.
 - Leerders en opvoeders sal te alle tye weerhou word daarvan om 'n spesifieke dogma/kerkverband te bevorder.
 - Van elke leerder word verwag om 'n hoë morele en etiese standaard van optrede, gedrag en taalgebruik te handhaaf.

Die Gedragskode in praktyk (skoolreëls).

Daaglikse program.

6. **Aantree by die saal**

Maandae vind saalopeninge in die saal plaas en klasse kom en gaan onder toesig van die opvoeders.

- 6.1 **NB:** Daar heers absolute stilte wanneer die leerders die saal binnestap en begin spontaan saam sing.
- 6.2 Elkeen gedra hom/haar eerbiedig vir die saalgeleentheid.
- 6.3 Wanneer die Landslied/Skoollied gesing word, staan almal op aandag.

7. **Toegang**

- 7.1 Toegang tot die skool mag slegs deur die aangewese/toepaslike hekke geskied.
- 7.2 Geen leerders mag die ontvangsportaal of saal as 'n deurgang gebruik nie.
- 7.3 Leerders beweeg slegs deur die ontvangsportaal as hulle die sekretaresse moet spreek.

8. **Voor skool en pouses**

- 8.1 Geen rowwe speletjies mag gespeel word nie en geen spel of enige ander aktiwiteite mag 'n gevaar vir enige leerder, insluitend hom-/haarself inhou nie (hokkiestokke en balle).
- 8.2 Geen balle mag in die SP-vierkant mee gespeel of geskop word nie.
- 8.3 Groter leerders mag nie in die spel van kleineres inmeng of pla nie.
- 8.4 Geen vuil taal mag gebesig word nie.
- 8.5 Daar mag nie naby enige motors gespeel word nie.
- 8.6 Geen klippe of harde voorwerpe mag gegooi word nie.
- 8.7 Niemand mag sonder verlof van die Skoolhoof of bestuurspanlid in beheer die terrein verlaat nie. Dit geld ook vir die nasorg leerders.
- 8.8 Geen leerder mag die verbode areas, soos van tyd tot tyd deur die Skoolhoof of bestuurspan bepaal, gedurende skooltyd en/of pouses betree nie.
- 8.9 Alle leerders moet gedurende pouses op die skoolterrein bly en op die plekke speel, soos aan hulle toegewys.
- 8.10 Gedurende pouses word die leerders nie in klaskamers, saal of op die stoepe sonder verlof van die opvoeder toegelaat nie.
- 8.11 Eetgoed: wanneer die klok vir aantree in die rye lui, moet leerders nie nog verder eet, of snoepie toe gaan nie.

- 8.12 Wanneer pouse aanbreek, plaas leerders hul tasse by die klas waar hulle na pouse sal wees.
- 8.13 Niemand word gedurende pouses in die vierkant of op stoepe toegelaat nie. Diskresie word gebruik, soos bv. op reën of baie warm dae.

9. **Skoolterrein in die algemeen**

- 9.1 Leerders moet die gesag van opvoeders en leerderraad aanvaar en hul met respek aanspreek en behandel.
- 9.2 Leerders moet hulle onberispelik gedra en nie aanstoot gee aan ander nie. Dit is veral van toepassing op seun/meisie-verhoudinge, swak taalgebruik, verspreiding van stories, ensovoorts.
- 9.3 Niks sal 'n leerder daarvan vrystel om aan die gedragskode en skoolreëls van die skool gehoor te gee nie.
- 9.4 Niemand mag gedurende skooltyd by die fietsafdakke kom nie.
- 9.5 Elke leerder is mede verantwoordelik om die klaskamers, kledkamers, stoepe en terrein netjies en skoon te hou.

10. **Besoekers / Ouers**

- 10.1 Alle besoekers/ouers word versoek om voor- of gedurende die skooldag by die kantoor aan te meld om 'n leerder of opvoeder te spreek.
- 10.2 Geen leerder mag enige besoeker op die skoolterrein of by die hekke of by die skoolomheining te woord staan tydens pouse of gedurende die skooldag nie.

11. **Voorkoms**

11.1 **Skooldrag en Sportdrag**

- 11.1.1 Die voorgeskrewe skooldrag moet gedurende skoolure en ander aktiwiteite/funksies soos deur die Beheerliggaam bepaal word, gedrag word.
- 11.1.2 Wintersdrag is, met die toestemming van die Bestuurspan, in die somer toelaatbaar, maar in die winter verpligtend.
- 11.1.3 Die Bestuurspan mag volgens sy diskresie toestemming verleen dat leerders gewone/nie skoolklere/siviele klere aantrek by sekere geleenthede soos deur hul bepaal. By so 'n geleentheid moet leerders behoorlik, ordentelik en welvoeglik aangetrek wees.

11.2 **Sportdrag**

11.2.1 Dogters en seuns sal die toepaslike sportklere by die verskaffers kan aanskaf, of Mev. Van der Mescht kan dit by die leweransiers aankoop. Elke sportsoort se voorgeskrewe kleredrag moet streng nagevolg word en geen vermenging van verskillende sportsoorte se T-hemde en sportbroeke sal toegelaat word nie.

11.3 **Voorkoms**

11.3.1 Geen tekkies word saam met formele skooluniforms gedra nie.

11.3.2 Die haarlinte, rekkies en bolletjies vir die dogters se hare moet in skooldrag-kleure wees, nl. Navy of Jade. Die kleure van 'Alice bands' wat gedra word, is Navy of Jade.

11.3.3 Die haarrekkies, bolletjies en knippies moet eenvoudig wees. Geen blomme, vlinders, ensovoorts, word toegelaat nie.

11.3.4 Geen naellak, kleurloos of gekleurd, of grimering word toegelaat nie.

11.3.5 Naels moet ook 'n netjiese lengte hê – nie oor die vingerpunte nie.

11.3.6 Geen hangertjies of armbande, behalwe Medic Alert, word toegelaat nie.

11.3.7 Een paar goue of silwer ooringe of bolletjies ('studs') word uitsluitlik vir dogters toegelaat. Geen gekleurde steentjies, blommetjies, diertjies, ensovoorts, word toegelaat nie.

11.3.8 Dogters se hare wat oor die oë hang, moet geknip of weggehou word van die oë met haarknippies wat 'n eenvoudige silwer, goud of navy is.

11.3.9 Geen permanente golwing ('perm'), kleursel of stilering produkte of vreemde haarstyle vir seuns of dogters, sal toegelaat word nie.

11.3.10 Hare wat oor die dogters se krae hang, moet in poniesterte of vlegsels vasgemaak word. Slegs 1 of 2 poniesterte is toelaatbaar.

11.3.11 Seuns moet kort haarkante en agterkante hê, 'n kort netjiese kuif weg uit die oë uit. Geen permanente golwing ('perm'), kleursel of stilering produkte of vreemde haarstyle nie.

12. **In die klaskamer**

12.1 **Gedrag in die klaskamer**

- 12.1.1 Leerders moet betyds aanmeld en vir die volle duur van die skooldag by die skool teenwoordig wees (07:30 – 13:30).
- 12.1.2 Binne die klaskamer moet elke leerder sy uiterste bes doen om die orde te handhaaf en sy deel by te dra dat die werk so vinnig moontlik, vlot kan verloop, en geen ontwrigting soos praterij en etery word toegelaat nie.
- 12.1.3 Leerders mag geen speelgoed soos bv. klappers, waterpistole, muis, elektroniese speletjies, ens. saambring skool toe nie.
- 12.1.4 Leerders moet buite die klaskamer bly staan totdat hulle deur die opvoeder beveel word om in te stap. Hulle bly staan by die banke tot die opdrag gegee word om te sit.
- 12.1.5 Gedurende klastyd moet die opvoeders en leerders aktief betrokke wees met die voorgeskrewe akademiese werk.
- 12.1.6 Leerders moet die opvoeders toelaat om die voorgeskrewe werk in 'n ordelike/sinnvolle klasatmosfeer aan almal oor te dra.
- 12.1.7 Opdragte deur die opvoeders moet stiptelik en sonder uitsondering uitgevoer word.
- 12.1.8 Elke opvoeder het in sy/haar klas 'n stel klasreëls, wat in ooreenstemming met hierdie gedragskode en skoolreëls opgestel is. Hierdie klasreëls moet sonder uitsondering gehoorsaam word en enige oortreding daarvan sal beskou word asof hierdie gedragskode en skoolreëls oortree word.
- 12.1.9 Niemand by die skool mag so optree dat 'n ander se menswaardigheid gekrenk word nie. Dit sluit opvoeders in wat met die woord 'n leerder moet tugtig. Dissiplinerig beteken nie dat die getugtigde se menswaardigheid aangetas word nie.
- 12.1.10 Slegs skooltasse wat behoorlik beskerming aan boeke verleen is toelaatbaar. Geen slagspreuke of enige gekrap word op skooltasse toegelaat nie.
- 12.1.11 Alle boeke (leer sowel as skryf) word netjies gehou en opgepas. Beskadigde en verlore boeke sal deur ouers vervang word.
- 12.1.12 By toelating sal 'n leerder boeke soos wat van tyd tot tyd bepaal word, ontvang. Wanneer 'n leerder die skool permanent verlaat (trek), moet alle boeke ingehandig word. Alle boeke moet netjies oorgetrek word. Boeke deur ouers gekoop, bly die ouers se eiendom.

- 12.1.13 Leerders mag nie skriftelike evaluerings, eksamen en/of toetse voor die tyd, soos op die rooster bepaal, aflê nie.
- 12.1.14 Leerders wat sonder 'n skriftelike, grondige rede nie die eksamen en/of toetse skryf nie, sal 'n nulpunt ontvang. As die afwesigheid aanvaar is, sal 'n verwerkte kwartaalpunt gegee word.
- 12.1.15 Leerders mag slegs die klas met toestemming van die betrokke opvoeder verlaat. 'n Geel kaart sal aan so 'n leerder gegee word om toestemming te kry om die klas te verlaat. Geen leerder mag op die stoepe wees sonder die kaart nie. (Elke registerklas sal slegs van 2 kaartjies voorsien word.)

12.2 **Huiswerk en toetse**

- 12.2.1 Elke leerder moet in besit wees van 'n huiswerkboek waarin alle werk en boodskappe aan ouers van persoonlike aard beskryf word.
- 12.2.2 Alle huiswerk moet stiptelik uitgevoer word. Verskonings (tot die minimum beperk) moet skriftelik deur 'n ouer aangebied word.
- 12.2.3 Leer elke middag – dit sal help om goed te doen in die toetse en eksamen. Die intermediêre en Senior Fase skryf minstens twee toetsreekse in die eerste en derde kwartale. In die tweede en vierde kwartale is een toetsreek met 'n eksamen.
- 12.2.4 Ouers moet asseblief toesien dat leerders volgens vasgestelde tye tuis studeer. Hou die toetsdatum in die oog en leer betyds sodat die buitemuurse verpligtinge nie toetspunte sal beïnvloed nie.
- 12.2.5 Toetse moet deur die ouer/voog onderteken word en terug gestuur word na die betrokke onderwysers.
- 12.2.6 Toetse moet binne een week (7 dae) nadat dit afgelê is, gemerk aan die leerders terugbesorg word.

13. **Buite die klaskamer**

13.1 **Geboue en Terrein / Skooltoerusting**

- 13.1.1 Leerders moet te alle tye die nodige eerbied en respek teenoor die geboue, toerusting en veral die klaskamer, betoon.
- 13.1.2 Geen rommelstrooi van enige aard is toelaatbaar nie.
- 13.1.3 Daar sal van leerders verwag word om die Fauna en Flora op die skoolterrein te beskerm en te bewaar.
- 13.1.4 Geen beskadiging van enige skooltoerusting sal geduld word nie.

13.1.5 Die skool se bussies word altyd netjies gehou.

13.2 **Sport, Kultuur en Skoolbetrokkenheid**

13.2.1 Daar word van elke leerder verwag om met sy/haar Godgegewe talente op die kultuurakker en sportveld te woeker.

13.2.2 Van elke leerder word verwag om tydens sportperiode aan sport deel te neem.

13.2.3 Leerders moet betyds wees vir buitemuurse aktiwiteite.

13.2.4 Indien 'n leerder om een of ander rede nie by sy/haar buitemuurse bedrywighede teenwoordig kan wees nie, moet hy/sy verskoning aanbied by die betrokke afrigter/offisier/verwante persoon.

13.2.5 Gepaste drag word ook by sportoefening vereis.

13.2.6 Leerderprestasies buite skoolverband word in die saalperiodes erken.

13.3 **Verkeersreëls en Vervoermiddels**

13.3.1 Leerders sal te alle tye in en om die skool verkeersreëls nakom.

13.3.2 Geen leerder mag met sy/haar fiets op die terrein ry nie. Fietse word in en uit gestoot.

13.3.3 Fietse word in die fietshokkies op eie risiko geplaas en moet met toesluitapparaat aan die struktuur toegesluit word. Nadat 'n fiets gesluit is, moet die leerder dadelik van die fietsafdakke padgee.

13.4 **Omsendbriewe**

13.4.1 Ouers word versoek om op alle omsendbriewe vanaf die skool te reageer.

13.5 **Gedrag op terrein**

13.5.1 Leerders moet opstaan en hul opvoeders en ander volwassenes groet wanneer hulle verbyloop.

13.5.2 Niemand mag in die privaat eiendom van ander krap, daarmee peuter en/of dit gebruik sonder die eienaar se toestemming nie. (Opvoeders of gemagtigde persone wat ongeoorloofde eiendom soek, sal nie deur die reël aan bande gelê word nie.)

13.5.3 Leerders mag nie met die terreinwerkers of terreinbestuurder geselsies aanknoop nie. Behandel hulle met respek.

13.6 Leerderraad

- 13.6.1 Die leerderraad, tesame met die opvoeders, is verantwoordelik vir die algemene dissipline van die skool.
- 13.6.2 Leerders moet die leerderraad te alle tye gehoorsaam.
- 13.6.3 Leerderraadslede moet leerders wat oortree na die betrokke klasopvoeder neem en nie direk na die Skoolhoof nie. Vandaar sal lynfunksies gevolg word.
- 13.6.4 Leerderraadslede moet sy medeleerders met waardigheid en bedagsaamheid lei.
- 13.6.5 Hulle is daar om hulp te verleen aan medeleerders.
- 13.6.6 Hulle moet meerderes en minderes met respek behandel.
- 13.6.7 Hulle moet die skool se naam uitbou deur altyd 'n voorbeeld te stel.
- 13.6.8 Hulle is aan diens, naamlik tydens die skooldag, buitemuurse aktiwiteite, toere en uitstappies.

13.7 Gedrag van Leerders teenoor Opvoeders

- 13.7.1 Leerders moet hul opvoeders beskou as hul leermeesters en raadgewers, mense wat altyd bereid sal wees om aan hulle leiding te gee.

13.8 Gedrag van Leerders teenoor ander Leerders

- 13.8.1 Ons sien na ons seniors op om goeie orde, gees en tradisie van ons skool na te kom. Van alle leerders word verwag om mekaar onderling te ondersteun en aan te moedig op verskillende terreine van die skoollewe.
- 13.8.2 Leerders moet vriendelik en beleefd teenoor mekaar wees.
- 13.8.3 Leerders moet verdraagsaam wees teenoor mekaar, nie onnodig kwaad word of van mekaar kwaad praat nie.
- 13.8.4 Leerders moet hulle uiterste bes doen in enige spanwerk, hetsy sport of andersins, om nie sy maats of sy skool teleur te stel nie.
- 13.8.5 Leerders moet mekaar berispe as hulle verkeerd doen.
- 13.8.6 Leerders moet hulself altyd en oral so gedra dat die goeie naam van ons skool hoog gehou word.
- 13.8.7 Nuwe leerders moet vriendelik ontvang en gou tuis laat voel word.

- 13.8.8 Alle leerders moet sy/haar medeleerders toelaat om in die skoolomgewing sy/haar opinie te lug, afgesien daarvan of hy of sy saamstem, al dan nie.

13.9 **Optrede in die openbaar**

- 13.9.1 Optrede in die openbaar moet onberispelik wees, hetsy by 'n skoolaktiwiteit, tuis of elders.
- 13.9.2 Ons word aan ons skooldrag geken en elkeen van ons is in skooldrag 'n advertensie van die skool en moet die skool se naam hoog hou.
- 13.9.3 Wees hoflik en vriendelik teenoor almal.
- 13.9.4 Groet beleefd.
- 13.9.5 Wees nederig en op jou plek. Sorg dat daar net met lof van ons gedrag, optrede en kleredrag gepraat word.
- 13.9.6 Indien 'n leerder hom of haar nie in die openbaar kan gedra nie, is dit jou plig om hom dadelik te berispe en indien nodig, te rapporteer.

13.10 **Verlaat van skoolterrein gedurende skoolure**

- 13.10.1 Mediese en ander roetine afspraak moet sover moontlik tot die middag beperk word. In uitsonderlike gevalle moet skriftelike toestemming gevra word en vroegtydig by die skool aangemeld word.

13.11 **Beserings of siektes tydens skoolure**

- 13.11.1 Indien 'n leerder gedurende skoolure beseer raak, of siek word, moet dit onmiddellik by die kantoor gerapporteer word.
- 13.11.2 So 'n leerder mag slegs met die ouers se toestemming by die skool gehaal word deur iemand anders as die ouers.
- 13.11.3 Geen leerder mag self huis toe bel en sê dat hy/sy siek is nie. Dit word met die registerklasopvoeder se medewete deur die kantoor gereël.

13.12 **Klaswisseling**

- 13.12.1 Gedurende klaswisseling beweeg die leerders flink in rye na die volgende klas.
- 13.12.2 Niemand mag tydens klaswisseling die kleedkamer besoek nie. Wag by die volgende klas totdat die opvoeders die klas toelaat om in die klas te mag gaan.

- 13.12.3 Tydens klaswisseling word die minimum lawaai veroorsaak en geen uitbundige lawaai sal geduld word nie.
- 13.12.4 Geen telefoonoproepe by die skool se publieke telefoon of vanaf selfone mag tydens klaswisseling gedoen word nie.

13.13 **Afkondigings**

- 13.13.1 Wanneer afkondigings oor die interkom gedoen word, moet alle leerders stil wees en luister wat gesê word.

13.14 **Selfone**

- 13.14.1 Dit is verbode in klastyd.
- 13.14.2 Alle selfone word voor skool by die sekretaresse ingehandig en word weer na skool afgehaal.